POTEPALEIS - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Soms verskil die prentjie van ons lewe radikaal van die prentjie wat God vir ons beplan. Dan voel dit of die mat totaal onder jou uitgepluk word. Dan maak die woorde "Loof die Here in die goeie sowel as in die slegte tye" vir ons glad nie sin nie, maar dan lees ons in Habakuk daardie bekende gedeelte van *"Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees nogtans sal ek in die Here jubel sal ek juig in God my Redder."*

Dan lees ons verder waar Paulus en Sillas in die tronk sit in haglike omstandighede en hulle die Here loof en die tronkdeure gaan oop.

God voorsien in die kleinste detail en ken die begeertes van elke hart. Hy sal ALLES ten goede laat meewerk vir die wat hom dien.

Die God wat deel in ons vreugde is dieselfde God wat langs jou staan as seer, hartseer en bekommernis aan jou deur kom klop. HY sal jou nooit bo jou kragte toets nie.

In die storie van Potepaleis gaan die brakkies vir jou 'n storie van genade bring.

Die storie speel af in 'n hondehawe, 'n "shelter", 'n plek waar weggooibrakkies 'n tuiste kon vind. Jy gaan in die toneel vir Gerda ontmoet. Sy is die dame wat die hondehawe bestuur en wat van hierdie weggooibrakkies haar hondekinders gemaak het. Julle gaan vir dokter Grace leerken, die Veearts, wat vrywillig weekliks Gerda se hondekinders kom ondersoek.

Dan leerken jy die oorgewig Marley, die Labrador wat glo sy is 'n emosionele eter omdat God lankal reeds van haar vergeet het. Jou pad gaan ook met die eienaar van die hondehawe kruis en jy gaan 'n tikkie van sy seer en van sy woede en bekommernis ervaar as die ekonomie hom dwing om 'n besluit te neem en laastens gaan jy die ontwikkelaar ontmoet.

Die prentjie lyk nie meer soos die ideale prentjie wat Gerda vir haar en haar hondekinders beplan het nie.

Kopiereg voorbehou

En soms voel ons almal maar soos “weggooibrakkies”, en soms wil ons ook soos die spreekwoord sê “stert tussen die bene” weggloop omdat ons prentjie ook nie meer lyk soos die prentjie wat jy vir jouself beplan het nie.

Deur hierdie eenvoudige storie gaan jy sien dat God op ‘n onvoorsiene manier in die kleinste detail voorsien en dat Sy genade vir my, vir jou en vir die brakkies onbeskryflik groot is.

Kopiereg voorbehou